higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEKENKANTOORPROSEDURES EN -TEGNIEKE

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(12050713)

9 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Al die tekeninge moet groot, netjies, duidelik en in goeie verhouding wees.
5. Hou vrae en onderafdelings van vrae bymekaar.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Definieer die volgende terminologie in ‘n tekenkantoor:

1.1 Omskryf wat *tekenwerk* in ‘n tekenkantoor behels. (2)

1.2 Definieer die *metrieke stelsel.* (3)

1.3 Definieer wat ‘n *katalogus* in die opset van ‘n tekenkantoor is. (2)

1.4 Definieer *hipotermie* bertreffende gesondheid- en veiligheidparameters. (3)
[10]

VRAAG 2

2.1 In die FIGUUR hier onder word ergonomiese beginsels aangetoon wat van toepassing is op ‘n kantoorwerker wat by ‘n lessenaar sit en op ‘n rekenaar werk. Benoem hierdie illustrasie volledig deur die byskrif langs die letter (A—M) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.



(13)

2.2 Noem VYF primêre struikelblokke wat met ‘n rolstoel in ‘n kantooromgewing ondervind kan word. (5 × 2) (10)
[23]

VRAAG 3

3.1 Noem SES eienskappe en verantwoordelikhede van ‘n tekenkantoor se bestuurder.

(6 × 2) (12)

3.2 Verskeie kontroles moet in die tekenkantoor uitgevoer word alvorens die finale tekening voorgelê word vir die konstruksiewerk.

Dui VIER funksies aan van ‘n persoon wat moet kontroleer of ‘n tekening uitgereik kan word vir konstruksie, met ander woorde wat moet gedoen en waarna moet opgelet word? (4 x 2) (8)

[20]

VRAAG 4

4.1 Definieer *huishouding* in ‘n tekenkantooromgewing. (2)

4.2 Maak netjiese vryhandtekeninge van die volgende uithangborde:

4.2.1 Noodhulptoerusting

4.2.2 Aanduiding van die plek waar ‘n brandslang is

4.2.3 Teken wat aantoon dat alkohol verbode is in die betrokke gebied

4.2.4 Teken wat aandui dat toegang verder as ‘n bepaalde punt verbied word

(4 × 2) (8)

4.3 Dui die klas vuur aan waarvoor die volgende tipe brandblussers gebruik sal word:

4.3.1 Water

4.3.2 Skuim

4.3.3 Droë chemikalieë

(3 × 1) (3)

4.4 As tekenaar word daar van jou verwag om die terrein te besoek om die gehalte van die werk te kontroleer. In sodanige geval moet jy bepaalde beskermende toerusting dra.

Gee DRIE voorbeelde van persoonlike beskermende toerusting (PBT). (3)

[16]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Maak ‘n tekening van ‘n noniushoogtemaat en benoem al die dele duidelik. (12)

5.2 Maak ‘n netjiese tekening van die volgende buitemikrometerlesings en toon die lesing van die hoofskaal, skroefdop en merk wat sigbaar is:

5.2.1 16,93 mm

5.2.2 4,01 mm

5.2.3 8,49 mm

(3 × 3) (9)

5.3 Dit is baie belangrik om sensitiewe toerusting in die tekenkantoor goed te versorg.

Noem VYF punte wat in aanmerking geneem moet word by die versorging en instandhouding van noniuspassers. (5 × 2) (10)

[31]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou